191. A. 1 (51)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No. ....................

NASIONALE ONDERWYSRAAD
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag 298,
PRETORIA.

Vir Huisgenoot (in maart of april 1973)

STROMINGE IN DIE ONDERWYS

MERKWAARDIGE BEVINDINGE

Deur Prof. H. B. Thom,
Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad

Vroeër of later moes dit gebeur. As 'n mens radikale planne vir die onderwys en toekoms van jou jongmense invoer, sal jy die een of ander tyd moet rekenskap gee. Jy sal die dag van rekenskap miskien 'n tyd lank kan ontwyk, maar die realiteite van die lewe sal jou vroeër of later dwing om rekenskap te gee. En as jy dit doen, sal dit dan waarskynlik nie net vir jouself nie, maar ook vir baie ander insiggewend en leersaam wees.

Die Amerikaners het nou al jare lank radikale planne in hulle onderwys ingevoer; en hulle het dit ook op uitgebreide skaal gedoen: in hulle skole, hulle kolleges en hulle universiteite. Laat ons goed verstaan: Dit was nie sommer 'n gier nie; inteendeel, dit was 'n baie ernstige saak. Miljoene dollar is aan programme van navorsing bestee - waartoe veral die Carnegie Korporasie van New York ruimskoots bygedra het - en van die beste navorsers is ingespan. Aldus is, na ernstige studie, onderwysprogramme opgestel, en gepaardgaande daarmee omvattende sosiale opvoedingsprogramme, sodat die trefkrag van die onderwys in die groter verband van die maatskappy des te beter gerealiseer kon word. Die bedoelinge was ook bo verdenking: Amerikaanse opvoedkundiges het geprobeer om die belange van hulle land en

2/..............

mense, met die lig wat hulle gehad het, na die beste van hulle vermoë te dien.

Laat ons kortliks op sekere algemene strominge let soos dit uit tydskrifte en boeke tot ons kom. In verband met hierdie onderwysplanne het die „behavioriste" en die „environmentaliste" hulle invloed terdeë laat geld. Ondanks 'n neiging wat daar vandag by sommige in Amerika bestaan om hierdie denkers as twee aparte kategorieë te beskou, gaan dit nie bra op nie, aangesien hulle per slot van rekening dieselfde kernbeskouing toegedaan is, t.w. dat die mens se vorming in hoofsaak deur die faktore van sy omgewing bepaal word. In soverre daar 'n verskil is, is dit bloot 'n verskil van uitgangspunt: eersgenoemdes se uitgangspunt is die gedrag of optrede („behavior") van die mens, veral van die leerlinge; laasgenoemdes se uitgangspunt is die omgewing („environment").

Die beskouing kom daarop neer dat omgewingsfaktore, wat op die lewe van die leerling of student inwerk, van sy geboorte af totdat hy die onderwysinrigting verlaat om sy taak in die lewe te aanvaar, bepalend vir sy geestelike vorming en optrede is. Aan dinge soos natuurlike aanleg of oorerwing van verdienstes of swakhede, heg hierdie beskouing weinig waarde.

Reeds in 1925 het die aartsbehavioris J.B. Watson verklaar: „Give me a dozen healthy infants, well-formed, and my own specified world to bring them up in, and I'll guarantee to take any one at random and train him to become any type of specialist I might select - doctor, lawyer, artist, merchant-chief and, yes, even beggarman and thief, regardless of his talents, penchants, tendencies, abilities, vocations, and race of his ancestors". En saam met Watson, en ná hom, was daar 'n hele aantal ander mense wat, ofskoon hulle hul siening nie só absoluut gestel het nie, in dieselfde rigting gewerk het. Dit is ook waar dat, terwyl Watson die mens amper tot 'n masjien wou reduseer, die neo-behavioriste heelwat reservasies gemaak

en hulle beskouinge aansienlik verfyn het, maar in hoofsaak was hulle nog altyd dieselfde beskouing toegedaan.

Dit is nie moeilik om te begryp nie dat hierdie beskouing, in 'n land soos Amerika, maklik veld gewen het. Tradisioneel is mense daar sterk demokraties gesind; hulle is gesteld daarop dat elkeen geleenthede in die lewe moet kry; hulle wil gelyke voorregte vir ryk en arm hê; hulle het 'n groot Neger-bevolking en wil aan die wêreld kan sê dat die Neger dieselfde geleenthede en voorregte het as dit wit Amerikaner.

Die sameloop van alsulke omstandighede het meegebring dat 'n reeks verreikende maatreëls deurgevoer is wat die menslike maatskappy in die V.S.A. diepgaande geraak het en ook, terloops gesê, veel stryd en bitterheid in die proses veroorsaak het. Hieronder vind ons die bekende Desegregasie-Uitspraak van die Hooggeregshof in 1954, die Burgerregte-Wet van 1964, en die belangrike maatreëls van president Johnson in sy „War on Poverty". Gelyke geleenthede is vir almal in die onderwys moontlik gemaak, die agterstand van die behoeftige kind is in hoë mate uitgewis, en die blanke en die Neger is in die onderwys in noue aanraking met mekaar gebring - of liewer, gedwing.

Dit is die soort onderwys wat die V.S.A. wou hê, en dit is wat hulle gekry het. Sekere elemente daarvan bestaan op baie plekke in die praktyk al jare lank; ander, wat met jonger wetgewing ingebring is, begryplikerwyse nog nie so lank nie. Hoe dit sy, vooraanstaande Amerikaanse geleerdes het gevoel dat dit tyd geword het om vir hulleself rekenskap van hulle rentmeesterskap te gee. Ons moet hulle dit ter ere nagee dat hulle self so gevoel het, en veral ook dat hulle met oop oë rekenskap gaan gee het.

En dit is juis hier waar hulle rekenskap ook vir ander - by uitstek ook vir onsself - waardevol is. Mooi teorieë in die onderwys is goed, maar of hulle die empiriese toetse kan deurstaan, is dikwels heeltemal 'n ander saak. Vir die eerlike navorser het daar verrassings, en skokke, gewag; en

nie net vir die navorser nie maar vir die hele Amerikaanse volk en vir alle ernstige belangstellendes.

Die jare sestig was 'n tyd van groot voorspoed, en reusebedrae is in die onderwys en welsynsdienste ingepomp om onderwys te bevorder en armoede te bestry. Die onderwys is ook bevorder en armoede is ook bestry, maar die verwagte resultate het uitgebly. 'n Skrywer in die blad Fortune (Oktober 1972) verklaar: „As poverty itself declined, such symptoms of social pathology as crime - which theory said was the result of poverty - increased".

En so pas het daar verdere uitsprake gekom wat die Amerikaanse opvoedkundiges, en inderwaarheid die hele Amerikaanse publiek, soos 'n donderslag getref het. Die Harvardse sosioloog en opvoedkundige, Christopher Jencks, het, met die hulp van sewe onderlegde medewerkers, en na geduldige, deeglike ondersoek, vorendag gekom met 'n omvattende studie getiteld Inequality: A Reassessment of the Effect of Family and Schooling in America, wat almal vir wie die onderwys en opvoeding van die jeug werklik erns is, tot diepe nadenke sal stem.

Daar is ten onregte van die skole verwag, so verklaar hierdie skrywer en sy medewerkers, om in belang van die héle volk, blank sowel as nie-blank, deugde soos gelykheid onder landsburgers, samewerking en begrip onderling, en verdraagsaamheid onder mense van verskillende kleure, te bewerkstellig. Die skole maak in die lewe van volwassenes, so lui die bevinding, nie naasteby die verskil wat baie mense dink nie, en sal dit in werklikheid ook nooit maak nie.

Die skrywer is baie kategories: „None of the evidence we have reviewed, suggests that school reform can be expected to bring about significant social changes outside the schools. More specifically, the evidence suggests that equalizing educational opportunity would do very little to make adults more equal .... " Verderaan sê hy dat al sou skole ook wel 'n belangrike

5/...............

invloed op kinders uitoefen, is dit nietemin onwaarskynlik dat dié invloed tot in volwassenheid voortgedra word. „The character of a school's output", so vervolg hy, „depends largely on a single input, namely the characteristics of the entering children. Everything else - the school budget, its policies, the characteristics of the teachers - is either secondary or completely irrelevant".

Dit is harde woorde, en 'n mens sou, wat Suid-Afrika betref, ook glad nie met alles kon saamstem nie, maar aan die ander kant kan 'n mens die bevindinge van 'n student en navorser soos Christopher Jencks, gesien die onbevooroordeelde gees wat hy is, die enorme hoeveelheid werk wat hy gedoen het en die toewyding en erns wat hy aan die dag gelê het, minstens wat sy eie land betref, nie in die wind kan slaan nie.

Die betrokke opvoedkundige teorieë, en veral die opvattinge van die behavioriste, sou vanselfsprekend veral vir die Neger van groot betekenis wees. Plaas die Negerkind - so is geredeneer - in 'n omgewing, veral die skoolomgewing, waar die gewenste invloede op hom inwerk, dan sal hy wat intellek en karakter betref, goed vorder en met die blanke kind gelyk kom. Die sg. „kontak-teorie" het ook hier 'n vername rol gespeel: Plaas die blanke kind en die Negerkind saam in dieselfde skool, dan sal blank en nie-blank mekaar beter leer verstaan en waardeer, en sal rasseharmonie bevorder word. Daar is selfs so ver gegaan om Negerkinders uit hulle onderskeie omgewings te vervoer na oorwegend blanke skole („busing") waar die omgewingsfaktore dan vir hulle die geskikste sou wees.

In Staat en Skool is die kleurkwessie vir die Amerikaner 'n belangrike, en tegelyk baie gevoelige, saak. Hy wil aan die wêreld graag die versekering gee dat Negers nie net volle kanse in die lewe kry nie, maar ook dat blank en nie-blank in die V.S.A. in totale integrasie gelukkig met mekaar saamwoon. Dis eintlik vanselfsprekend dat dit dan by uitnemendheid op die gebied van, en deur middel van, die onderwys aangetoon moes word.

Die skokke was hier ewe erg, miskien nog erger. Die reeds aangehaalde skrywer in Fortune sê kaalkop: „School integration, in many instances, failed to improve the academic performance of the blacks or advance interracial tolerance". David Armor, in sy studentedae aan die Universiteit van California (Berkeley) self 'n radikale studenteleier en later professor aan U.C.L.A., het in die algemeen tot die gevolgtrekking gekom dat „busing" geen duidelike uitwerking op die akademiese prestasie van swartes het nie, nóg ten goede nóg ten kwade. Hy het ook bevind „that integration did not increase tolerance or improve racial relationships. Instead, the bused black students reported that their white schoolmates were less and less friendly, that they themselves were spending more free time with members of their own race, and that there were more incidents of prejudice".

Ook Christopher Jencks het groot twyfel oor die uitwerking wat desegregasie van skole kan hê om meer gelykheid en begrip teweeg te bring, veral nog waar leerlinge ver van hulle ouerhuise vervoer word om met kinders van 'n ander kleur in kontak gebring te word. Dit is onrealisties om te verwag, so meen hy, dat kinders van verskillende rasse gelukkig saam gebring kan word in dieselfde skole, terwyl die volwassenes van verskillende rasse klaarblyklik nie in dieselfde buurte wil saamwoon nie.

Sulke bevindinge moes noodwendig meebring dat navorsers hulle ook na die rol van oorerflike faktore sou afvra. Ons kry hier te doen met uiters moeilike vraagstukke waaroor baie gesaghebbendes navorsingswerk gedoen het maar in werklikheid nog weinig uitsluitsel in wetenskaplike besonderhede verkry is.

Wat die onderwys in Amerika aangaan, het Arthur Jensen van die Universiteit van California (Berkeley) in 1969 navorsingsresultate bekend gemaak wat opvoedkundiges en baie ander geesteswetenskaplikes hard aan die praat - en stry - gesit het. Hy het o.a. gevind dat, ofskoon daar baie Negers is met 'n hoër I.K. as die gemiddelde van blankes, die verskil tussen die gemiddelde

van Negers en dié van blankes ongeveer 15 punte in die guns van die blankes is. Sy ondersoek het hom gebring by die moontlikheid dat daar, ten gevolge van oorerwing, verskille tussen die denkprosesse van Neger- en blanke kinders kan bestaan, en dat dit dus kan wees dat „educational methods better suited to the blacks' processes might enable them to learn better". Jensen is, soos 'n mens kan verwag, dadelik deur uiterste radikales as 'n negatiewe rassis uitgekryt, maar ernstige opvoedkundiges het gevoel dat hy iets beet het.

Dit is duidelik dat die Amerikaners, in die rekenskap wat hulle gegee het, gesien het dat hulle ondanks goed-bedoelde, logies-klinkende teorieë, in hulle opvoedkundige situasie op baie plekke nog nie die antwoorde het nie. Uit hulle ruime ervaring en navorsingswerk kan ons in Suid-Afrika baie leer, maar ons lewe in 'n land wat baie anders is as Amerika en ons sal met 'n indringende, onderskeidende oog moet kyk en nie maklik oorneem - of na-aap - nie.

As ons dit doen sal ons sien dat dit verkeerd is om die skool in die eerste instansie te wil gebruik om 'n verskeidenheid van skone nasionale deugde by ons mense tuis te bring, hoe verdienstelik sulke ideale op sigself ook al mag wees, aangesien die skool in die eerste plaas daar is om die gees te versterk en karakter te bou; alle ander dinge, hoe goed dit ook al mag wees en hoe graag ons dit ook al wil hê, is bykomstig of insidenteel. Mooi, lofwaardige bykomstige of insidentele resultate sal natuurlik altyd verwelkom word, maar die nastrewe daarvan mag die essensiële, t.w. karakterbou en die versterking van die gees, nie verdring nie. Dit is eerder só dat as die essensiële op eerlike en suksesvolle wyse as eerste doelstelling nagestreef word, die gesonde bykomstige of insidentele resultate vanself ook nie agterweë sal bly nie.

Ons sal ook veral sien dat dit ten eenemale nie deug om die skool as instrument van rasseharmonie in te span nie. Blank en swart lê ver uitmekaar; aan elkeen moet reg geskied, maar nie noodwendig ooreenkomstig die „kontak-

teorie" nie. C.D. Darlington, bekende Britse genetikus, het al geskryf: „It is absurd to pretend that water and vinegar are equal. Water is better for some purposes, vinegar for others. Vinegar is harder to get but easier to do without. So it is with people".

Dit wil voorkom of daar in die V.S.A. vandag 'n bietjie meer begrip gekom het vir die besondere probleme van Suid-Afrika op rassegebied. 'n Mens wonder of die ervaring en waarnemings van die Amerikaners in die jongste jare, veral op die terrein van die onderwys, nie heelwat daarmee te doen het nie, al is dit dan ook baie onregstreeks. Om dit te vermoed, skyn ten minste nie onlogies te wees nie.